Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

WhatsApp: 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

4 Julie 2021

09:30 VIRTUELE WOORDBEDIENING:
Ds. Piet

Geen fisiese erediens nie.

Ons begin vandag met ‘n reeks preke uit die boek Nehemia.

Soos tydens die inleiding met Esra verduidelik is, moet ons onthou dat 1 en 2 Kronieke, Esra en Nehemia, aanvanklik een boek was en eers later van mekaar geskei is. Die tydsverloop tussen Esra se koms en Nehemia se koms blyk 13 jaar te wees.

Die boek kan in vier dele verdeel word:

1. Hf 1: 1 - 7: 73 Hooftema: Die bou van die mure van Jerusalem.
2. Hf 8: 1 - 10: 39 Hooftema: Esra leer die volk uit die Woord hoe om te lewe.
3. Hf 11:1 - 13:3 Hooftema: Ander godsdienste hervormings deur Nehemia.
4. Hf 13:4 - 31 Hooftema: Nehemia se tweede besoek en hervormings.

Nehemia se naam beteken: “Die Here troos/ het getroos” en is baie sprekend in die lig van wat die toestand van die teruggekeerde Juda in Jerusalem was (hf 1: 3) en watter impak dit op Nehemia gemaak het (hf 1: 4). Die Here troos Nehemia en deur Nehemia troos die Here sy volk!

Die onderskeid tussen die hoofboodskap van Esra en Nehemia lê in die verskil tussen kerk en koninkryk. Serubbabel en Jesua is gestuur om die tempel te gaan herbou en Esra om die Woord van God weer in die sentrum van die volk se lewe te plaas. ‘n Mens kan dus sê: Hulle het die kerklike lewe (die persoonlike verhouding met en aanbidding van God) kom herstel!

Maar die kerk is ook deel van die breër samelewing waar God se Woord ook sentraal moet staan! **Nehemia kom om die samelewing in Jerusalem te herstel deur die mure van Jerusalem te herbou!** Vanuit die kerk (vanuit ons persoonlike verhouding met die Here) bou ons ook aan die samelewing waar die Here ons plaas!

Die hele lewe (kerk en wêreld) behoort aan God. Die begrip koninkryk van God beteken dat God oor alles regeer - ook oor die sondige wêreld! Dus moet ons ook in die

wêreld (koninkryk) ons roeping vervul en “die stad van God” (die mure van Jerusalem) bou.

‘n Opmerklike verskil tussen die vorige leiers wat in die boek Esra leiding geneem het en Nehemia is dat Serubbabel, Jesua en Esra deur God self geroep en gestuur word om die werk te gaan doen! Daar is duidelik ‘n eksterne roeping vir die spesifieke taak.

Nehemia, word nie van buite (ekstern) deur God geroep nie! Nehemia is ook nie ‘n geestelike leier soos die voriges nie! Nehemia is ‘n “gewone” gelowige in ‘n gewone werk (geen indrukwekkende CV)! Maar wanneer hierdie opregte gelowige sien dat God se volk en werk in die samelewing skade lei, vat hy verlof by sy werk en gaan doen hy wat nodig is om die koninkryk van God te bou!

Tema: God gebruik “gewone gelowiges” as bouers in sy koninkryk! Is jy ‘n toeskouer of bouer?

Hier is die volgorde van ons virtuele Woordbediening vandag:
Sing vooraf: Lied 464: 1, 3
Gebed om seën
Sing tot lof van die Here: Sb 1 - 2: 1, 2
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Wet uit Eksodus 20
Sing na die wet: Sb 9 - 1: 1, 10, 11
Gebed

Skriflesing: Nehemia 1
Teksverse: Nehemia 1: 4
Woordverkondiging

Gebed
Sing Sb 18 - 7: 1, 12
Gebed om seën

Liefdegawes vandag: Die Teologiese Studentekas en Diakonie.

(Gebruik die Zapper App of eft in Diakonie se rekening)

GEEN GROEPBEDIENING VANAAND

MEELEWING

- JD en Paula Aucamp se seun Dian was in ‘n fratsongeluk tydens plaaswerk in die VSA. Hy het sy voet ernstig beseer en moet rekonstruksie van die voet ondergaan.
- Harmen Wijnberg is in Medikliniek opgeneem met nierontsteking. Hy sukkel baie na die hartaanval en COVID-19.
- Henk Freeke het geval en is in Medikliniek opgeneem vir ondersoeke.
- Marie Oosthuizen het COVID-19 opgedoen en sy en die huisgesin is in selfafsondering.
- Thys en Karen Kruger het COVID-19 opgedoen en word tuis behandel.
- Josephine de Lange het ook deurgeloop onder die virus en word tuis behandel.
- Ons is baie dankbaar saam met Willie en Hannelie Pieters en hulle kinders dat baba Elana Pieters se breinskandering getoon het dat daar nie ernstige besering aan haar brein was met die breinbloeding nie. Sy toon mooi vordering!
- Andries du Plessis ondergaan eerskomende Woensdag ‘n operasie om nierstene te verwyder. Intussen sukkel die oogspesialis steeds om sy een oog gesond te kry ten spyte van vele operasies.
- Lallie van Zyl se eerste oogoperasie was ‘n groot sukses en ons is baie dankbaar saam met hulle. Die volgende operasie is eers in Augustus.
- Elsie Ferreira herstel mooi na haar groot breinoperasie. Sy moet nog ‘n paar weke tuis aansterk.
- Tannie Kitty Kruger was met nierversaking in die versorgingseenheid

van Huis Eikelaan. Sy is ontslaan en word nou tuis behandel.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetzee, Dries en Rita Schutte.

BAIE WELKOM AAN:

Jan en Theonet Viljoen wat met attestaat van GK Bloempark by ons aansluit asook hulle seun, Jaco, wat met attestaat van GK Potchefstroom by ons aansluit. Hulle woon op Plaas Klipdrift, groep 14.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenddiens
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Geen groepbediening

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 4 Julie
Sr Elmien Halgryn *****
Sr Carlien Kahl
Br Antonie Labuschagne

Maandag, 5 Julie
Sr Rina v Deventer

Dinsdag, 6 Julie
Sr Corrie Rheeder

Woensdag, 7 Julie
Br Tom Larney *****

Donderdag, 8 Julie
Sr Linda Botha

Vrydag, 9 Julie
Sr Elize Abrie
Br Andries Coetzee *
Sr Magdaleen Venter *****

Saterdag, 10 Julie
Sr Jeanette Kruger
Sr Marie Saaiman *****

* Lidmate met spesiale verjaarsdae bo 70 jaar.

Indien u van hierdie lidmate wil skakel, kan u die kontaknommer by die kerkkantoor kry (toepassing van die POPIA-wetgewing).

KERKLIKE TYDSKRIFTE

Die Kerkblad, Die Vroueblad en Die Slingervel is beskikbaar by die kerkkantoor vir lidmate wat daarop ingeteken is. Dit sal waarskynlik die laaste gedrukte kopieë wees. Voortaan sal die kerklike tydskrifte net elektronies uitgegee word. Lidmate word aangemoedig om elektronies in te teken en die Tydskrifte op jou skootrekenaar of slimfoon te ontvang.

BEROEPENUUS

Beroepe ontvang
• Ds GM Boersema (Marnix) van GK Graaff Reinet na GK Kroonstad
• Ds W Jobse (Wilhan) van GK Jeffreysbaai na GK Boksburg

Beroep bedank

• Ds GM Boersema (Marnix) van GK Graaff Reinet na GK Kroonstad.

BYBELLEES PROJEK

Week 25 (5 – 11 Julie)

Maandag	Jeremia 39:1 -42:22
Dinsdag	Jeremia 43:1 – 46:28
Woensdag	Jeremia 47:1 – 49:22
Donderdag	Jeremia 49:23 – 50:46
Vrydag	Jeremia 51:1 – 52:34
Saterdag	Klaagliedere 1:1 – 5:22
Sondag	Habakuk 1:1 – 3:19

Stuur jou klagtes of gedagtes, enige navrae of versoeke aan Erasmus Venter by 076 090 4459 of stuur 'n e-pos aan eav.venter@gmail.com

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Erasmus Venter – 076 090 4459
Kerkkantoor: Adele– 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

SUSTERS IN DIE GELOOF

HOOP IN 'N WÊRELD WAT MET HOPELOOSHEID GEVUL IS.

1 PETRUS 1: 3-4 "...NOU HET ONS 'N LEWENDE HOOP....."

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

Oosdoppertjies

Johannes 3:16

Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.

REUSEBEELD VAN NEBUKADNESAR SAL LUISTERRYK ONTHUL WORD

BABEL - Die koninklike perssekretaris het vandag die reëlings bekend gemaak vir die onthulling van die goue standbeeld van koning Nebukadnesar.

Die dertig meter hoë standbeeld is pas voltooi en word tans in die Duradal hier naby opgerig. Dit sal volgende week ingewy word.

Die koning het opdrag gegee dat al sy amptenare, die goewerneurs-generaal, die goewerneurs, die administrateurs, die raadgewers, die tesourie-amptenare, die regters, die landdroste en al die hoofamptenare van die provinsie, hierdie luisterryke geleentheid moet bywoon. Wanneer die koninklike orkes 'n "fanfare" aanhef, sal hulle almal voor die beeld buig en dit aanbid.

Om gehoorsaamheid aan hierdie opdrag te verseker, word 'n groot brand-oond ook op die terrein opgerig. Wie nie op die teken van die orkes buig en die beeld aanbid nie, sal onmiddellik in die brandende oond gegooi word.

Koning Nebukadnesar het ook al sy onderdane genooi om die verrigtinge by te woon. Hy het gesê hy wil hierdeur aan sy onderdane die geleentheid bied om aan hom die nodige eer te bring.

Die koning het die gedagte aan die reusebeeld gekry toe hy onlangs 'n visioen gehad het waarin hy 'n reusagtige beeld gesien het. Volgens droomverklaarders was die beeld 'n voorstelling van sy grootheid as koning. Die beeld wat hy nou laat oprig, wil uitdrukking gee aan sy glorie en roem as die magtigste koning op aarde.

Lees meer hiervan in Daniël 3 Bron: Die Bybelkoerant